**13 Februarie 2014**

**Skrifgedeelte: Psalm 100**
**Fokusgedeelte: Psalm 100:4**

## Juig tot eer van die Here

Psalm 100 is sekerlik een van die Psalms wat deur die kleuters van die kerk geleer en gesing word. Is dit omdat Psalm 100 ’n maklike wysie het? Die werklike rede lê daarin dat dié Psalm elke gelowige opnuut oproep/aanspoor om die Here te loof en te prys. Waarvoor is ons hier op aarde? Om God te verheerlik met ons hele lewe.

Wanneer ons Psalm 100 deurgaan, sien ons ’n tweërlei indeling: Vers 1-3 en 4-5 gaan saam. Vers 1-2 gee ’n drieërlei oproep om God te loof:

- Juig, tot eer van die Here, almal op aarde.
- Dien die Here met blydskap.
- Kom voor Hom met gejubel.

Vers 3 gee die rede waarom: Erken dat die Here God is. Skepper van hemel en aarde en alles wat daar is. Hy, die Skepper het ons gemaak, sy skepsele. Hy het ons herskep deur Jesus Christus – nuwe mense. Ons behoort aan Hom, ons is syne. Ons is sy volk, sy eie kudde. Hy is ons Herder, Hy sal ons lei.

Vers 4: Weer ’n drieërlei oproep:

- Gaan sy poorte binne, met dankliedere.
- Sy tempele met lofsange, dank Hom.
- Prys sy Naam.

Ons dank Hom deur sy Naam te prys, met dankliedere en lofsange. Nie met ons lippe nie, maar met ons hele lewe in woord en daad.

Vers 5 gee weer die rede van vers 4: Want die Here is goed, en daar is geen einde aan sy liefde en trou nie. Dit is elke more nuut, dank God ook vandag, vir sy krag en genade, sing Hom lof en dank.

Sing: Psalm 150:1-3

Ds DF (Dawid) Coetzee (Piet Retief)